Jeuggroep byeenkoms

Word deel van 'n jeuggroep met die doel om geestelik te groei/saam te kuier/pret te hê.
Alle jong werkende persone/studente is baie welkom!

Plek: De Villiersstraat 9, Somerset-Wes
Datum: Vrydag, 12 Augustus 2022
Tyd: 19:00
(Worsrolle word voorsien).
Vir navrae kontak die koördineerders na 17:00:
Handri – 071 056 6890, Elisma – 082 442 2237, Joelisna – 068 226 9913

Tee/koffie na die erediens

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in Kosmos.

Berg-en-Seeklub vir Senior Burgers

Byeenkoms: Donderdag, 4 Augustus
Tyd: 09:25 – Tee en verversings
09:50 – Samesang en program
Plek: Kerksaal
Spreker: Dr Willem Botha - (Hoofredakteur WAT – Taaldinge op RSG)
Onderdwerp: Hy praat oor interessante taalaspekte, bv. neologismes soos "koeshoes", "sloertoer", ens. Herkoms van vanne soos Van der Poel, Oost, ens.
Herkoms van idiome soos "die koeël is deur die kerk", ens.
Kunstenaar: Leerders van Laerskool Somerset-Wes
Voordragprogram
Toegang: Lede R10 / Nie-lede R20
Almal is hartlik welkom!

Helderberg Uitreik: Dienssentrum

Die Dienssentrum is voortdurend op soek na eierhouers (slegs dié wat 6 eiers kan berg), asook 500 ml & 1 liter joghurt houers. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

Basaar

Ons benodig asb. leë 1-liter en 2-liter koeldrankbottels vir gemmerbier. Gee asb. by die kerkkantoor af, as jy ons hiermee kan help.

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

31 Julie: Getuig en Juig al is jy gedaan

Wat maak jou gedaan en moedeloos in jou geloof?
Paulus en Silas was moeg, gedaan geslaan en in die tronk. Ons gaan na hierdie tyd in hulle lewe kyk en leer wat lofprysing kan doen om ons geloof te versterk wanneer dit moeilik gaan. Ons "reis" na Masedonië en die stad Filippi waar Paulus en Silas in die tronk was. (Handelinge 16). Sien julle Sondag.

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
31 Jul	Getuig en juig al is jy gedaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie